# FCJ-prysuitdeling

## Rekord getal pryse vir MooiVaal-span

CENTURION. - Die jaarlikse prysuitdeling van die ***FCJ Excellence Awards (Forum of Community Journalism)*** is verlede week tydens 'n glansgeleentheid by die Leriba Hotel en Spa gehou.

*MooiVaal Media* was goed verteenwoordig en het aan die einde van die aand met 'n rekord getal pryse huis toe gekom.

Vaalweekblad se verslaggewers het in totaal 11 van die top-pryse verower by dié landswye kompetisie.

Elsje Vermeulen, nuusredakteur: Vaalweekblad/Ster, het met een van die twee grootste pryse van die aand weggestap toe sy as *Fotograaf van die Jaar* aangewys is, met kollega Ettienne van Rensburg as die naas-wenner.

Sy het ook die derde plek in die *Beste Nuusfoto-afdeling* behaal en die vyfde plek vir *Beste Algemene Foto.*

Ettienne, sportredakteur van Vaalweekblad, het ook toekennings ontvang vir die *Beste Sportfoto,* 'n derde plek vir *Beste Opskrifte,* en was ook 'n finalis in die *Sportskryfwerk-afdeling en Beste Algemene Foto-afdeling.* Jannie du Plessies, misdaadverslaggewer, is die wenner in die afdeling *Beste Nuusfoto*.

Lazarus Dithagiso, bedrewe verslaggewer vir Vaalweekblad en Sedibeng Ster, het met die derde plek in die afdeling *Beste Algemene Foto* weggestap.

Lerato Serero, nuusredakteur: Sedibeng Ster, het die tweede plek behaal vir *Redaksionele Kommentaar*.

*** Vaalweekblad se suster-koerant, Potchefstroom Herhald (deel van die MooiVaal-stal) het 'n verdere 10 pryse behaal.**




**Vaalweekblad se FCJ-wenners is van links: Ettienne van Rensburg (sportredakteur), Lazarus Dithagiso (verslaggewer), Retha Fitchat (redakteur), Elsje Vermeulen (nuusredakteur) en Jannie du Plessis (misdaad-verslaggewer). Lerato Serero was afwesig.**



**Elsje Vermeulen se vyfdeplek-foto - Eye on the finish line.**



**Jannie du Plessis se wenfoto - The police killed our brother.**



**Elsje Vermeulen se derdeplek-foto - Motordief loop deur.**



**Ettienne van Rensburg se wenfoto - Half and Half.**



**Ettienne van Rensburg se Top-10 foto in Algemene Foto's.**



**Links: Een van die foto's in Elsje se portefeulje wat aan haar die titel as FCJ Fotograaf van die Jaar besorg het (Cheerleaders skep die regte luim).**



**Lazarus Dithagiso se derdeplek-foto - Online registratiion frustrates parents.**